

20 Julie 2013

Skrifgedeelte: Genesis 1:14; Levitikus 26:10; Psalm 74:17; Psalm 147:17b

Fokusgedeelte: Genesis 8:22

Seisoene

Toe God die aarde geskep het, het Hy seisoene deel daarvan gemaak. Hy het son en aarde in só 'n verhouding tot mekaar gestel dat 'n afwisseling van seisoene op die meeste dele van die aarde beleef word.

Tydens die sondvloed, waarin die Here die hele aarde met 'n wêreldwye natuurkatastrofe gestraf het, het Hy die normale gang van sake in die natuur drasties verander. Hy belowe egter daarna dat só iets nie weer sal gebeur nie. Hy waarborg dat van toe af die seisoene mekaar sal bly opvolg, solank die aarde bestaan. Hy gebruik ook die seisoene só dat elke seisoen volgens sy wil kan uitwerk tot buitengewone seën vir sy volk (Lev. 26:10), of tot beproewing van mense (Ps. 147:17b).

As ons dink aan watter natuurkragte, nie net hier op aarde nie, maar ook in die sonnestelsel by die voortgang van seisoene betrokke is, wys hierdie beheer oor seisoene die absolute mag wat God oor die natuur en oor die ganse heelal uitoefen. Selfs die presiese hoek waarteen die aarde gekantel moet wees om seisoene te veroorsaak, word deur Hom bepaal en bewerk en in stand gehou!

Deur seisoene te waarborg, maak die Here dit vir die mens moontlik om te bly saai en oes, en ook met die oog daarop te beplan. So sorg Hy vir die voortbestaan van die menslike lewe op aarde. Dit moet gebeur sodat sy verlossingsplan, wat eers op die koms en werk van die Here Jesus hier op aarde uitgeloop het, en eendag op die voleinding van alles sal uitloop, uitgevoer kan word. Selfs die afwisseling van somerhitte en winterkoue vertel dus iets van die goeie nuus oor Jesus Christus vir hierdie wêreld!

Sing: Psalm 74:12, 15 (Totius)

Ds. SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)